*Woensdag* **11 Februarie**
**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:1-14**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:2, 13**
**Ware evangelie: Dis Gód se barmhartigheid wat jou bring by verlossing!**

Die ware evangelie (blye boodskap): Wat is dit? 1 Timoteus 1 leer dat dit in die Afrikaanse woorde *barmhartigheid, begenadig en genade* lê (vs 2, 13, 16). Psalm 23:4 se "stok en staf" vertel hoe God se *barmhartigheid* werk – dit stoot én trek; dit bring én dring die gelowige tot by God.

Bybelse "barmhartigheid" is 'n verbondsverbintenis; groeiende vertrouensverhouding; goedgunstigheid; lojaliteit; medelydenheid; meegevoel; 'n neerdaal na en inleef in die swaarkrymens se situasie; 'n voortgaande liefdesontferming en troue bystand-met-die-daad; 'n vrywillige daad van genade (geen verdienste).

- Eksodus 20:2, 6 praat van God wat jou uit die slawehuis uitgelei het. God straf die haters, maar "bewys barmhartigheid aan dié wat My liefhet en My gebooie onderhou".
- In Eksodus 34:5-9 kry Moses guns: "En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by (Moses) gestaan …" Die HERE Self sê: "Ek is barmhartig, genadig, lankmoedig, goedertieren; trou; bewarend, vergewend, regverdig". In ander tekste word van God se *"chesed"* en *"eleos"* gesê:-Beskerming, bystand; God sal vir sy kind opkom en daarvoor sy almag gebruik; God is 'n toevlug; troue liefde; genadig. God regverdig die sondaarmens vrywillig volgens sy ewige Raadsbesluit. Die begenadigde word God se gunsgenoot (Ps. 116:15).

In 1 Timoteus 1:9-10 sê Paulus: Daar was 'n diepe skeiding tussen hom en God. Hyself was soos die ongelowige – wetteloos, tugteloos, goddeloos, sondig, onheilig, leuenaar. Paulus laster – Christus is nie God en nie die Gesalfde of die enigste Verlosser van sondaars nie. Jou eie dade en wetsgehoorsaamheid kan verlos. Paulus probeer God se kerk uitroei (vs 13a)!

Maar, God het hierdie skeiding weggeneem deur sý barmhartigheid wat jou by die volkome verlossing bring! Dis Christus wat deur sy Gees begin werk en krag gee (vs 12-14). Deur daardie Gees kón Paulus tot sondebelydenis en geloof kom. Die Here het hom getrou gemaak en oorlaai "met genade, geloof en liefde wat in Christus Jesus is" – God se barmhartigheid bring jóú ook by die volkome verlossing in Christus uit!

*Sing: Psalm 23-1:1 ,2, 3*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)*